PARKSIG
Eiendomsagentskap
Huise — Plase — Plotte
Besighede — Standplase
vir 'n eerlike
transaksie
sien of bel
1486 — Na-ure 2054
(Eienaar: G. Schoonhoven)

# die Wapad

*Is u gekys? JA! VERLOOF? Nog nie... spreek dan*
EDDIE DE BEER
Diamantslyper
vir u
VERLOOFRINGE
teen baie billike pryse.
U soek die diamant en ons set hom na u smaak.
Bel: Tannie de Beer (De Klerkhuis) 2226, Potchefstroom
of
E. J. de Beer, 869-1260, Alberton

JAARGANG XVII — WOENSDAG 23 MEI 1962 — Nr. 5

OFFISIëLE STUDENTEKOERANT VAN DIE P.U. VIR C.H.O.

# Vreugdedagsierwaens vertoon goed



Foto: Fotokuns.

## Belangstelling beroerd

**Vreugdedag is op Vrydagmiddag 11 Mei vreugdevol en uitgelate ingelei toe boeresport agter die Chemie-laboratorium gehou is.**

Die tradisionele wedstryde het plaasgevind, onder andere die driebeenresies, hoendervang en varkvang. Vier donkies het vir die hoogtepunt van die middag gesorg, toe vermaaklike resies ge-„loop" is terwyl die donkies van agter gestoot is!

Heel gou het die vragmotors wat daar geparkeer was, vorm begin verwissel. Mense by talle het begin opdaag en die groot pret en kompetisie het begin.

Die vleisbraaivuur was 'n groot aantreklikheid want die koue het spoedig toegeneem.

Pannekoek, warmbrakke, sop, koffie en toebroodjies het baie aftrek geniet want vlotbou is honger werk.

Namate die koue intensiewer geword het, het groepies in komberse gewikkel oral ontstaan — slegs die bouers moes moedig die koue trotseer.

### Min slaap

Die groot lawaai het met die ure afgeneem en die bekommernis oor die min tyd het groot erns laat ontstaan. Vir sommige het die nag geen slaap ingehou nie en van vier uur die oggend het moeë figure weer opgesukkel na die halfklaar vlotte.

Die laaste drie ure van die oggend het verbygesnel. Die vlotte was klaar en die uur van die beoordeling het aangebreek.

### Pryse

Die P.U.-vlot het die prys vir die beste afgewerkte vlot verower. Dit was 'n poging van Klawerhof en Dawie du Plessis-huis.

Die vlot van die Reisburo het die prys vir die oorspronklikste ingepalm — dit is deur Kulu en Uitspan gebou, en die vlot van Wes-Transvaalse Sportwinkel het die prys vir die lagwekkendste weggedra. Dit is deur Kulu en Heimat gebou.

Verskeie ander vlotte, in besonder dié van Rembrandt en Ingram is noemenswaardig.

Die vlotte het sierlik die strate van Potchefstroom deurkruis terwyl die kollektante in besonder oorspronklike kostumering die publiek beroof het.

Dit is 'n onrusbarende verskynsel dat die entoesiasme vir hierdie onderneming so taan. Lê die fout by die aksies of lê die fout by ons ouhere en oudames?

# GIDEON ROOS VOOR A.S.B.

*Die plaaslike tak van die A.S.B. het verlede Donderdagaand sy tweede programvergadering van die jaar aangebied. As spreker het opgetree mnr. Gideon Roos, wat gepraat het oor die beskerming van ons geestesgoedere.*

Mnr. Roos wat voor 'n teleurstellend bygewoonde vergadering opgetree het, het o.a. die volgende gesê: „'n Verligte outeurswet is een van die kenmerke vandag van 'n ontwikkelde land."

Die vraag het van die ontstaan van die boekdrukkuns bestaan of aan die skrywer van 'n boek enige regte op die boek toegeken moes word en in hoever. Met die verloop van tyd is daar egter nou so ver gevorder dat daar vandag algehele beskerming vir skrywers, komponiste, beeldhouers ens. bestaan. Ook van die skrywers van werke kry vandag vergoeding vir hulle werke en hoef nie van honger om te kom nie.



Foto: Fotokuns.
**Mnr. Gideon Roos**

## M. S. S. V.

Op Maandagaand 7 Mei 1962 het die studente van die Departement Maatskaplike Sorg oorgegaan tot die stigting van 'n eie vereniging.

Die naam van die vereniging is: DIE MAATSKAPLIKE SORG STUDENTEVERENIGING.

Die bestuur is soos volg saamgestel:

*Voorsitter:* Nick Vorster.
*Ondervoorsitter:* Flip van der Westhuizen.
*Sekretaresse:* Mej. Elsa Theron.
*Penningmeester:* At van den Berg.
*Addisionele lede:* Johan Lindeque en Fanus Heystek.

Die vereniging beoog die bevordering van die suiwer Skrifuurlike beginsels deur die uitbou van die vakwetenskap Maatskaplike Sorg.

# Sending onder Oosterlinge

*„Die Hindoe aanvaar Christus net as 'n groot profeet, maar sonder die kruis en die verlossing want dit is vir hulle 'n skande". So het ds. Chris Greyling, sendingleraar van die N.G. Kerk in Transvaal, die onlangse Korpsvergadering in sy rede: „Sending onder die Mohammedane en Hindoes" toegespreek.*

Op aangrypende wyse het ds. Greyling verder daarop gewys dat selfs blankes hulle steeds meer wend tot die Hindoe-Jogisekte. En dan roem ons op 'n Christelike westerse beskawing.

Met toeligting deur kleurskyfies, is 'n blik gewerp op die uiters haglike toestand waarin die Indiërs leef. Dit skep nie net 'n aktuele probleem ten aansien van die Indiër, sowel as Indiërjeug, se geestelike en morele agteruitgang nie, maar ook vir evangelisasie, aangesien daar 'n dringende behoefte bestaan aan nodige fasiliteite vir die hou van dienste en byeenkomste.

### Probleem

Die groot probleem, volgens ds. Greyling, lê egter in die metodiek van Evangelisasie onder hierdie mense. Hulle Oosterse kultuur met talle afgode en profete, waarin hulle 'n onwrikbare geloof openbaar, moet vervang word met die Christelike godsdiens, wat 'n algehele geestesommeswaai teweeg sal bring. Daarom moet elke Christen hom bereid verklaar om sy deel by te dra in hierdie groot werk.



Foto: Fotokuns.

ONS ONDERSTEUN U!
Ons werk as amptelike fotograaf van DIE WAPAD verrig ons gratis!
ONDERSTEUN U ONS?!
Ons gee kwaliteit!
Ons gee diens!
Ons gee gratis vriendelike bediening!
FOTOKUNS
Tomstraat 82 – Telefoon 3185
sentrum vir fotografie, grammofoonplate, kunsvlyt

## MASSAFLIEK

Saterdagaand 9 Junie trek die Pukke in 'n massa op om te gaan fliek as die veelbesproke rolprent, *Ben Hur*, in die Grand Teater draai.

Die prys per persoon is 47c. Plekke word vir die Puk-massa gereserveer tussen die rye M en W. Bykomende vervoerkoste van 10c per persoon sal gehef word.

Persone wat in die dorp bly moet voor of op Donderdag 31 Mei hul name op die kennisgewingbord plaas. Die plekke moet bespreek word voor 1 Junie en daar is slegs 280 plekke beskikbaar.

Die Geselligheidskomitee vra die hartlike samewerking van elke Puk in hierdie verband.

Joubert Meubels
KERKSTRAAT 201 — POTCHEFSTROOM — TELEFOON 21
VIR MODERNE MEUBELS EN ALLE HUISHOUDELIKE TOERUSTING
Ons spesialiseer in die verskaffing van die jongste plaatopnames — Kom besigtig ons groot reeks.

Wes-Transvaalse
SPORT-WINKEL
Kerkstraat 85
enigste verskaffer van Offisiële Kleure

SUPERETTE
Tomstraat 100
Potchefstroom
Gerieflike en moderne selfbediening waar u 'n groot verskeidenheid kan kry van KRUIDENIERSWARE, KOMBUISBENODIGDHEDE en GROENTE teen laer pryse.

Fleurette Bloemiste
Sleep in by:
*Fleurette vir julle blomme*
*Spesiale afslag.*
Kerkstraat 143 — Telefoon 709

AJAX
Boeke en Skryfbehoeftes (Edms.) Bpk.
Telefoon 3458
Posbus 43
Kerkstraat 159, Potchefstroom

Lucille
die deftigste DAMESWINKEL in die dorp.

Onthou 3091
Skakel hierdie nommer vir diens!

DIE BULT APTEEK
Tomstraat 86
Ons spesialiseer in:
★ INNOXA-, LENTHERIC-, COTY-Skoonheidspreparate.
★ Egte Franse DANA PARFUUM, en
★ Aptekersbenodigdhede
Ondersteun Oud-Pukke

*„Die Wapad" word gedruk deur Potch. Herald (Edms.) Bpk., Olënlaan 11, Potchefstroom vir die uitgewers, die S.R. van die P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.*

die Wapad

# Weereens IN U LIG

In die eerste inleidingsartikel van hierdie jaar het die skrywer hiervan die klem laat val op die noodsaaklikheid dat ons in *handel, spel en werk* die beginsel van die Universiteit, soos vervat in ons leuse IN U LIG, sal uitlewe.

Elders in hierdie uitgawe verskyn 'n brief waarin die skrywer dit het teen diegene wat wel aan ons Universiteit ingeskrywe is, dog nie ons leuse (en daarmee ons beginsel) goedgesind is nie.

Dit is goed as Universiteitstudente hulle van tyd tot tyd besin oor die begrip *lojaliteit aan my Alma Mater.*

Elke student wat aan 'n sekere universiteit inskryf, vergewis hom vooraf van die gees en rigting van daardie universiteit en dit behoort ook die mees gewigtige rede te wees waarom daardie betrokke universiteit sy keuse is.

Die akademiese opleiding aan 'n universiteit word immers bepaal deur die lewens- en wêreldbeskouing wat aan daardie universiteit gehandhaaf word en dit is **die student** se eie keuse om in daardie spesifieke atmosfeer sy akademiese vorming te ontvang.

Maar akademiese vorming is nie die enigste aspek waarmee 'n student op universiteit kennis maak nie. Daar is ook 'n studentelewe. Hierdie studentelewe dra grootliks by tot die karaktervorming van die student en bepaal grotendeels die gees waarin hy sy latere roeping sal benader, en waarin hy sy sosiale optrede sal klee.

Ek glo dat die gees en rigting van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys geen beter bekendstelling nodig het as in die naam van ons Universiteit nie. Elke student weet dus presies wat hom te wagte is as hy sy skrede hierheen wend. En elke student is moreel verplig om *lojaal* te bly teenoor hierdie gees en rigting wat *sy eie* keuse was!

# Besoek aan A.S.K.

Die plaaslike tak van die A.S.B. het 'n besoek gebring aan die Afrikaanse Studenteklub van Wits, en beoog 'n besoek aan die Afrikaanse Studentekring van die Universiteit Natal, te Pietermaritzburg.

Dit kan beslis bestempel word as 'n lofwaardige poging. Op hierdie wyse van noue kontak alleen, kan die student van die Afrikaanse universiteite op hoogte kom van die probleme waarmee sy mede-Afrikaner aan die Engelstalige universiteite worstel.

Maar meer nog — op hierdie wyse kan die ware beginsel van die Afrikanerstudent weer opnuut tuisgebring word by hierdie mense wat gedurig moet stry om kop bo water te hou in die maalstroom van liberale rigtings wat aan die Engelstalige universiteite om hom kolk en dreig om hom onder te trek.

Dit het miskien tyd geword dat die Afrikanerstudent, wat nou 'n hegte eenheid vorm in 'n kragtige A.S.B., besondere aandag skenk aan diegene wat die voorreg van die A.S.B. ontsê is, en sodoende hierdie mense wat in wese een met ons is, in staat stel om daardie eenheidsgevoel te ervaar en uit te bou.

Dit sal die korrekte stap wees in die rigting van die eenheid van alle *Suid-Afrikaanse* studente!

# In U Lig

*„Toe het ek nagedink om dit te verstaan, maar dit was moeite in my oë, totdat ek in die heiligdomme van God ingegaan en op hulle einde gelet het."*
*— Psalm 73 : 16—17.*

Waar kry ons die regte insig oor die verloop van ons eie lewens en oor die voortgang van die mensheid as geheel? En wat is hierdie regte insig?

Asaf het geworstel met die dinge wat hy rondom hom gesien het en wat vir hom in stryd gelyk het met die beloftes van God. Vir die gelowige is daar altyd verdrukking nieteenstaande hy hom rein probeer hou. Die goddelose geniet voorspoed al verhef hy hom teen God en al betwyfel hy die alwetendheid van God.

Dit was vir Asaf 'n omgekeerde uitdeling van straf en gawes deur God. Toe het hy nagedink om dit alles te verstaan, maar hy kon geen oplossing vind nie. Die probleem het vir hom moeite gebly.

Waarom moet hy, die vrome, ly, en waarom staar die voorspoed van dié wat God smaad hom altyd in die aangesig? Al sy moeite was tevergeefs — hy kon geen oplossing vind nie. En toe het hy begin wonder waarom kon hy nie ook maar die mooi gebaande weg van die goddelose gaan nie.

Maar die Here het hom bewaar sodat sy voet nie uitgegly het nie. Deur die genade van die Here is Asaf na sy eie vergeefse poging na die heiligdomme van God gebring. Alle eie pogings het hy nou laat vaar en soos 'n klein kindjie by sy vader het hy by sy Vader geword. In die gebed het hy in die tempel gaan neerval en God gesmeek om die regte insig. Toe het God dit aan hom geopenbaar.

Watter radikale verandering het daar nou in sy insig gekom? Nou sien hy dat God dit anders sien as hy. Sy blik het net oor 'n beperkte afstand gegaan, nie oor die volle bestaan van die mens nie. Teen die rots van die dood het sy blik weggeskram en verder kon hy niks sien nie. En met hierdie beperkte uitsig het hy byna daartoe gekom om reg of onreg by God te beoordeel. Waarlik, hy verdien die toorn van God, want sy voetstappe het amper uitgegly, maar God is goed vir hom. Hy was soos 'n domme dier by die Here.

Wat toon die Here hom nou? Die gebaande weg van die goddelose sal glad word en al gladder totdat hy nie meer sal kan bly staan nie en hy sal neerstort soos 'n gebou in puin. Hulle uiteinde sal dus tog wees soos God dit aan sy gelowiges bekend gemaak het en nie soos die skyn om hom hom bedrieg het nie.

Maar hyself, wat van hom en die vromes? Waarlik, God het al die tyd sy regterhand gevat en dit gehou, en toe hy hom net blindgestaar het op die dinge rondom hom het hy nooit besef dat hy aan die hand van God wandel nie. Asof hy nou in die tyd van die Nuwe Testament staan, kan Asaf uitroep: „Waarlik, U het my hand in Jesus Christus gevat!" Al die tugtiging, smart en pyn was niks anders as die raad van God waarmee Hy hom gelei het nie.

Saam met Paulus kan hy nou sê: „As ons net vir hierdie lewe op Christus hoop, dan is ons die ellendigste van alle mense." En is dit nie juis wat hy wou doen **nie?**

Laat ons saam met Asaf jubel soos hy gejubel het nadat God hom die regte insig gegee het: „Wie het ek in die hemel buiten U? Buiten U begeer ek ook niks op die aarde nie." Laat ons in die verwarrende kronkels van ons eie weg en die weg ook van die volkere nooit die weg van God, die weg wat in sy Woord geopenbaar is, vergeet nie. Amen.

M. A. Kruger.

# REDAKSIE


| | |
|---|---|
| Hoofredakteur | Idyll van der Walt. |
| Assistentredakteur | Leon Croesêr. |
| Tegniese redakteur | Marius Aucamp. |
| Interuniversitêre redakteur | Frikkie van Deventer. |
| Nuusredakteur | Fanie du Plessis. |
| Sportredakteur | Tonie Richards. |
| Variaredakteur | Johan Serfontein. |
| Variaredaktrise | Francoise Coetzee. |
| Kunsredaktrise | Trudi Gey van Pittius. |
| Sekretaresse | Margaretha Bingle. |


Cachet Modes
(EDMS.) BPK.
TOMSTRAAT 92 TELEFOON 1389
POTCHEFSTROOM
★
Mooi wintermateriaal
★
Nomotta-wol in voorraad

U het volop keuse in ons groot verskeidenheid
Boeke vir Studie en vir Ontspanning
PRO REGE-PERS BEPERK
„Die Potchefstroomse Boekhandel"
Kerkstraat 91—95 Telefoon 1164 & 497
Borcherdstraat Telefoon 3431
POTCHEFSTROOM

VRIENDELIKE DIENS EN MEUBELS VAN GEHALTE
Transvalia Meubels
FOON 2157 — KERKSTRAAT 180
POTCHEFSTROOM
*Besoek ons vir Vriendelike Diens en Meubels van Gehalte*
Ons meubels word erfstukke.

# Vreugdedag op besondere wyse afgesluit

**Op die aand van Saterdag 12 Mei het Vreugdedag op 'n heel besondere wyse ten einde geloop — net daar waar dit 36 uur vantevore op 'n ewe hoë noot begin het — agter die Chemielaboratorium.**

Dit het al 'n instelling geword dat daar na Vreugdedag 'n konsert of 'n filmvertoning in die Studentesaal aangebied word. Hierdie jaar het die Vreugdedagkomitee inisiatief aan die dag gelê en met iets heel nuuts voor die dag gekom. Deur 'n tydelike verhoog op die oop stuk grond agter die Chemielaboratorium op te rig, is daar 'n opelug teater gevorm.

### Oorspronklikheid

Nadat wors en toebroodjies geëet en koffie gedrink is, het die pare hulle op reisdekens om die verhoog vergader om die items, aangebied deur die verskillende koshuise, te geniet. Oorspronklikheid tel op so 'n aand meer as afronding en die items het dan ook in hierdie opsig nie te kort geskied nie.

Veral Heimat se Vuurpyllansering, Klawerhof se „Aïda", Piet Groblerhuis se „Eerstejaarsiklus", en Kulu se „Moord in die Rooi Skuur" was verrassend nuut. Ook die stuk „Julius Caesar" deur Uitspan het die lagspiere geprikkel. Hoe kan dit ook anders as Caesar en die ander lede van die Triumviraat praat van: „. . . . . geesvang in die ‚Queens' , . . . . al daai jazz" en „Kwaad kat"!?

Nadat die verrigtinge amptelik afgesluit is, het die groepies om die oorblyfsels van Heimat se vuur vergader waar daar spontaan saamgesing is. En so, saam met die al flouer brandende stompe, het Vreugdedag ten einde geloop.

## SKERMKLUB GESTIG

'n Splinternuwe sportsoort het sy kop aan die universiteit uitgesteek in die vorm van 'n Skermklub wat in Maart vanjaar gestig is. Die persoon van wie die inisiatief uitgegaan het is mnr. Deon Kühn, 'n nagraadse student in Fisika, wat ook die afrigting waarneem.

Belangstelling in hierdie sport lyk heel belowend en die ledetal van die klub staan reeds op sowat 15 lede wat gereeld op Maandae en Donderdagaande van 6.45 tot 7.45 in die Gimnastieksaal van die universiteit kom oefen. Aangesien intensiewe voorbereidingswerk nodig is, alvorens 'n skermer 'n teenstander kan aandurf, sal die klub nie onmiddellik enige wedstryde reël nie, maar eers die lede in die fyner kuns van hantering van die folet, aanval en verdediging onderrig.

Persone wat reeds die folet met vaardigheid hanteer is mej. Stigling, mnr. Kühn en mnr. Hans Messerschmidt.

- Volgens van die afrigter verneem word is die klub begerig om onder patronaat van die S.S.B. en die Studenteraad in te skakel. Wanneer tot hierdie stap oorgegaan word sal dit beslis 'n aanwins vir die S.S.B. wees.



Foto: Fotokuns.

*Gesiene figure het meegehelp met die vlotbouery vir Vreugdedag. Die regterkantse skuinry van onder na bo is Hans van Zijl, Cassie van der Walt en Piet Steinberg. Links is Koos du Plooy en sy donkie. (Die een met die hoed is Koos).*

# P.U. speel rol in groot skema

**Benewens die gewone lesings wat hulle gee, het die dosente verbonde aan die Departement Aardrykskunde van die P.U. 'n belangrike aandeel in 'n hele paar groot ondernemings wat tans in ons land aan die gang is. Een daarvan is die veelbesproke Oranjerivierskema.**

In samewerking met Ontwikkelingsvereniging van Noord-Kaapland beoog hierdie mense, prof. J. S. van der Merwe, mnr. J. P. Duvenage en mnr. W. J. Voordewind, om die ontwikkelingspotensiaal van die gebied waarbinne die Oranjerivierskema val, te bepaal.

Met die oog op die verdere ontwikkeling van industrieë in hierdie gebied, maak hulle veldopnames en bepaal hulle die hoeveelheid water wat daar is en wat nodig sal wees, die arbeidstoestande en die minerale, om sodoende die industriële potensiaal van die gebied vas te stel.

Hierdie werk is, soos te verstane, van groot belang om die Oranjerivierskema in sy uiteindelike doel te laat slaag.

Fondse skep op die oomblik nog 'n probleem. Om die werk te vergemaklik het die Universiteit reeds 'n Landrover vir die departement aangekoop.

'n Ander onderneming waarby mnr. Duvenage betrokke is, is die beplanning van watergebruik uit die Vaalrivier. Hierdie onderneming word aangepak deur verskillende liggame, waaronder Oranje-Vrystaatse Kamer van Mynwese, die W.N.N.R. asook verskeie munisipaliteite en ontwikkelings verenigings.

Dit het ten doel die oordeelkundige gebruik en bewaring van die Vaalrivier se water. Veral omdat waterbesoedeling en vermorsing in die laaste tyd so onrusbarend toegeneem het, kan hierdie onderneming niks anders as goeie vrugte afwerp nie.

'n Laaste groot onderneming waarby lede van hierdie departement ingeskakel is, is 'n fisiese opname van die grensgebiede van Messina tot Bechuanaland.

## P.U. se geskiedenis radikaal verander

'n Paar baie interessante „veranderings" is deur die kandidate in die pasafgelegde Studentehandboekeksamen aangebring in die veelbewoë geskiedenis van ons studentelewe.

'n Dametjie wat seker baie in fisiologie belang stel en vir haarself 'n baie realistiese voorstelling gevorm het van die onderliggame in ons studentelewe, beweer dat die *onderliggame* van die A.B.K.K., die *voorsitter, ondervoorsitter, sekretaris* en *penningmeester* is!

Dit laat mens daaraan dink dat mense soos Jan Boneschans en Jozua Welding dalk aan sulke kompetisies soos *Mnr. Onderliggaam* kan deelneem!

Die mees radikale verandering wat hierdie mense graag wil te weeg bring, is om *Mnr. Piet Venter* erken te kry as die *eerste voorsitter van Korps V.V.!*

### Calvuin!

Dit was ook baie interessant om te verneem dat die gesagsbeginsel van ons studentelewe, dit is die Calvinistiese gesagsbeginsel, sy ontstaan te danke het aan *Calvuin die Grote!*

Verdere uitdrukkings wat die nasieners gryshare besorg het, is Fac et *Sparta* en *Veritas VinceNt!*



Prof. J. S. van der Merwe

# PUKKE VERKOPE GROOT SUKSES

Die Pukkie het vanjaar na groot ovasie en reklame oor die hele kampus, op Donderdag 3 Mei sy verskyning gemaak. 'n Groot verspreidingsveldtog met busse, motors, die P.U. se twee vervoermiddele en 'n trein is op Saterdag 5 Mei na al die omliggende dorpe en selfs die Vrystaatse goudvelde onderneem.

### Sukses

Die hele onderneming is met sukses bekroon en die redaksie bereken dat daar ongeveer 13,500 van die 20,000 eksemplare verkoop is. Met meer belangstelling van die kant van die studente kon die hele oplaag egter van die hand gesit gewees het. Hoewel die redaksie geen moeite ontsien het vir die reel van voldoende vervoer, en dit hulle 'n groot som gekos het, was daar van die kant van die studente weinig reaksie op die herhaalde oproepe wat daar op hulle gemaak is.

Omtrent negentig persent van die persone wat op daardie dag in Potchefstroom en ander dorpe behulpsaam was met die verkope van Die Pukkie was eerstejaars. Dit toon duidelik 'n gebrek aan belangstelling by die seniorstudente wat tog meer ervaring het om joolblaaie te verkoop as die eerstejaar wat nog so rou is dat hy nie eers weet hoe om die persoon aan wie hy 'n Pukkie wil verkoop, aan te spreek nie.

Nieteenstaande dit alles het die eerstejaars egter groot ondernemingsgees aan die dag gelê en reeds van Donderdag af die hele dorp met Pukkies oorlaai en nog Saterdag aan die verspreiding elders deelgeneem. Selfs dié van hulle wat gekortwiek was deur die Fisika-toets wat hulle op daardie dag moes skryf en wat onmoontlik uitgestel kon word, het hulle deel bygedra.

Onder die geledere van die paar seniorstudente wat hulle steun aan die saak gegee het, was die merendeel dames. Die P.U. kleurbaadjie hier en daar, en die leiding van hierdie persone het die verkope darem so effens aangehelp.




**Dit is die snit wat tel . . .**
★ Alba Broeke
★ Mentone Pakke
★ Monatic Hemde
★ Battersby Hoede
★ Gregory Sokkies

**J. TOD SUTTIE**
**Die Mansuitrusters**
Posbus 219 — Foon 1
Potchefstroom


## Free Haircut for Nusas President

Admirers of Mr. Adrian Leftwich, President of NUSAS and Mr. Dennis Hunt, Vice-President of Wits SRC, can obtain lockets of their hair at a spot in the veld three miles from Pietersburg in the Northern Transvaal.

Above-mentioned persons had their hair cut there on Monday, May 1st. The persons were ambushed. They were waved down by three motorists, whose car had apparently broken down. Another car, which was following close behind, immediately drew up in front of Mr. Hunt's car, thus preventing escape. Six of the eight men seized Mr. Leftwich and Mr. Hunt and, after a short scuffle, led them into the veld, muttering, "Now we've got you," and other slogans. The other two let down the tyres of Mr. Hunt's car. There under the stars above-mentioned persons were tonsured with a pair of shears.

When asked for an explanation the hooligans said, "You know well enough". The men referred to an unspecified incident at a hotel in Tzaneen. Mr. Leftwich protested that they come from Turfloop and had been nowhere near Tzaneen.

The press-gang barbers then made off in their cars, leaving their victims to walk back to Pietersburg.

(Varsity, Woensdag 9 Mei 1962)

## Besoek aan die A.S.K. te Wits

Die plaaslike A.S.B.-tak het Vrydag en Saterdag 19 en 20 Mei, 'n besoek gebring aan die Afrikaanse Studenteklub van die Universiteit van Witwatersrand. In 'n debat wat gehou is op Saterdagoggend, is daar op die probleem ingegaan of „Demokrasie uitgedien is of nie."

Die standpunt wat die PUK verdedig het, was dat demokrasie nog nie uitgedien is nie en as sprekers het mnr. Paul Kruger en mej. B. Geertsema ons standpunt gestel. Die sprekers van beide inrigtings het hulle baie goed van hulle taak gekwyt sodat 'n lewendige bespreking gevolg het.

Die besoek wat ook die vorm van 'n welwillendheidsbesoek aangeneem het, was baie geslaagd sodat die Pukke wat daar was nie uitgepraat kan raak oor die gasvryheid wat hulle daar teëgekom het nie. Vrydagaand is die Pukke deur die A.S.K. onthaal op 'n vertoning van „The Vagabond King" wat juis op daardie stadium deur studente van genoemde Universiteit opgevoer is.

Deur so 'n besoek kom mens terdeë bewus van die probleme wat 'n Afrikaanssprekende student het om sy identiteit op 'n Engelstalige universiteit te handhaaf en sou mens graag meer sodanige besoeke wil reël, om sodoende aan hierdie mense te toon dat ons simpatie en vertroue in hulle stryd het.

# KUNSFEES BIED RYKE VERSKEIDENHEID

**Die A.S.B.-kunsfees word vanjaar tydens die A.S. B.-kongres in Stellenbosch gehou en duur vanaf Maandag 2 Julie tot en met Vrydag 6 Julie.**

'n Volkspelegroep van agt pare is reeds gekies vir die Kunsfees en mej. Trudie Gey van Pittius sal eersdaags 'n rollesing vir die Kunsfeestoneelstuk hou. Daar word gehoop dat baie mense vir die rollesing sal opdaag.

Daar kan verder vir die volgende afdelings ingeskryf word:

*Voordrag:*
a) Poësie.
b) Prosa.
c) Komiese voordrag.
d) Komiese prosa.
e) Dramatiese en komiese monoloog.
f) Onvoorbereide lees.
g) Bybelse voordrag.

Die deelnemers word ingedeel in Mans en Dames 20 jaar en jonger en Mans en Dames oop.

Verder is daar 'n afdeling: Dramatiese of komiese samespraak — oop.

*Uitstalling van Beeldende Kunste*, met onder andere die volgende afdelings:
a) Beeldhouwerk.
b) Skilderkuns.
c) Piouterwerk.
d) Kunsnaaldwerk.

*Fotografiese uitstalling:*
a) Swart en wit foto's.
b) Kleurafdrukke.
c) Kleurskyfies.

*Letterkunde:*
a) Kortverhaal.
b) Essay.
c) Poësie.

Daar is geen beperking van die aantal stukke wat ingestuur kan word nie. Die persoon wat die beste bydrae lewer, sal 'n prysgeld van R50 ontvang.

*Koorkompetisie.*
*Duet, trio en solosang.*
*Solosang.*
*Instrumentaal.*
a) Klaviersolo.
b) Klavierduet.
c) Twee klaviere.
d) Viool.
e) Ensemble.
f) Ander instrumente.

*Boereorkes.*

Die trein na Stellenbosch vertrek op Vrydag 29 Junie en word weer gehaal op Saterdag 7 Julie.

Verblyf sal vir die studente van die verskillende universiteite in die Universiteitskoshuise gereël word.

Die plaaslike A.S.B.-tak sal 'n groot gedeelte van die reisen verblyfkoste van die studente bydra. Na verwagting sal geen persoon meer as R10 hoef by te dra nie.

Mej. Erina van der Walt en mnr. Idyll van der Walt tree op as reisouers.

Verlede jaar het Tukkies en Pretoria Normaal as ook die Pote, die Pukke heeltemal oorskadu, in getalle sowel as in items. Hierdie jaar gaan dit egter nie gebeur nie. Hoekom? Want dit is Stellenbosch, dit is in die mooiste tyd van die jaar, dit duur net vir 'n week en daar is 'n klomp Pukke bymekaar wat die P.U. se naam hoog gaan hou.



Mej. Erina van der Walt

# BIBLIOTEEKVERENIGING VERGADER

**Die Wes-Transvaalse tak van die Suid-Afrikaanse Biblioteekvereniging het op Woensdagaand 16 Mei 1962 hulle eerste vergadering van 1962 en ook die laaste vergadering van die ou bestuur onder voorsitterskap van prof. H. C. van Rooy, die universiteitsbibliotekaris, in die personeelkamer van die universiteitsbiblioteek gehou.**



Prof. H. C. van Rooy

By hierdie geleentheid het prof. Van Rooy die lede toegespreek oor die rol van die biblioteek in die intellektuele lewe van die Republiek en het veral klem gelê op biblioteeksamewerking. 'n skema waaraan die aksiekomitee van die S.A.B.V. reeds sedert 1959 aandag skenk en waaroor daar nou 'n reeks voorstelle opgestel is. Hierdie voorstelle van die aksiekomitee sal in November vanjaar voor 'n nasionale konferensie van biblioteekowerhede, wat deur die minister saamgeroep word, gelê word. In Junie sal hierdie saak ook op 'n spesiale konferensie van die S.A. B.V. in Johannesburg aandag geniet.

Inleidend tot sy toespraak het prof. Van Rooy die verskillende soorte biblioteke en die owerhede en instansies wat hulle onderhou bespreek. Hieruit is dit duidelik dat dit vir een biblioteek onmoontlik is om alle werke wat op elke vakgebied elke jaar gepubliseer word, aan te koop. Finansies en personeel vir die voorbereiding en ingebruikstelling van hierdie materiaal is heeltemal ontoereikend. Aan die ander kant moet die biblioteek tog op hoogte wees met die ontwikkeling op vakgebied en moet hy op elke gebied uitgebrei word. Terselfdertyd moet die opbou van 'n logge versameling; gemeet in boekdele, bekamp word.

Hoe nou gemaak?

## Samewerking

Dit is met die oog op hierdie probleem dat die aksiekomitee wil voorstel dat 'n nasionale biblioteekdiens in die Republiek daargestel moet word op 'n basis van samewerking tussen biblioteke dwarsoor die land. Sodoende sal 'n boek wat deur een biblioteek aangeskaf is, by geleentheid aan 'n ander biblioteek beskikbaar gestel word. Dit sal meebring dat enige werk van enige biblioteek vanuit enige deel van die land aan enige persoon wat so 'n werk nodig mag hê, beskikbaar gestel sal word.

Op hierdie basis sal alle biblioteke in die land, elkeen met sy uiteenlopende aard en funksie, deel vorm van die nasionale biblioteekstruktuur en so bydra tot die bevordering van studie en navorsing in die Republiek van Suid-Afrika.

# SOUTH AFRICA DEVELOPING RAPIDLY

**RAPID development taking place in South Africa was stressed by the Chairman of ISCOR, Dr. F. Meyer, when he opened a new factory for Thomas Barlow and Sons at Kempton Park. Dr. Meyer drew attention to the tempo of development and the further major developments planned.**

He specifically mentioned developments at Iscor, Escom, the South African Railways, Sasol, fertiliser works, involving the expenditure of many millions of rands, to name but a few, and also the recently announced "imaginative and stirring" Orange River Development Project — schemes meaning greater requirements of equipment for factories, transportation, excavation, roadmaking and farming.

Great road-building programmes were unavoidable, particularly if road safety was kept in mind. "In a country such as ours," he added, "the conservation of soil and water is essential, and it is in this field also that earth-moving equipment will certainly in future be called upon to do herculean tasks."

— Unitel.

# KLEINER KORINGOES

Na verwagting sal die huidige kafferkoringoes meer as 'n miljoen sak kleiner wees as verlede seisoen se oes.

Volgens verslae wat van oesverslaggewers teen die einde van Maart 1962 ontvang is, skat die Afdeling Ekonomie en Marke dat die huidige seisoen se kafferkoringoes op 2,150,000 sak van 200 pond elk. Volgens 'n hersiene skatting het verlede seisoen se oes 3,518,000 sakke beloop. Hierdie skatting sluit in 'n syfer van 265,000 sak vir Bantoegebiede vir 1961-62, teenoor 726,000 sak per 1960-61. Die Departement van Bantoe-administrasie beraam die produksie vir die Bantoegebiede.


# Suid-Afrikaanse Spoorweë

# Vakatures vir

**werktuigkundige, siviele, elektrotegniese en sinjaalingenieurs, metaalkundiges en bestekopmakers.**

Die Suid-Afrikaanse Spoorweë bied talle aantreklike loopbane met uitstekende vooruitsigte aan persone wat vir aanstelling in die bogenoemde beroepe gekwalifiseer is.

**Aanvangsalaris:**

Assistent-ingenieur ... ... ... R1,899 p.j.
Bestekopmaker wat die graadkursus voltooi het ... ... R1,899 p.j.
Bestekopmaker wat die diplomakursus voltooi het R1,773 p.j.
Metaalkundige ... ... ... ... R1,773 p.j.

Daar bestaan ook vakatures vir gegradueerdes wat opgelei wil word as administratiewe amptenare. Sodanige kandidate word as klerke teen die volgende aanvangsalarisse in diens geneem:

**Aanvangsalaris:**

Indien in besit van:
(i) 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van drie jaar vereis R1,344 p.j.
(ii) 'n honneursgraad (of 'n gesertifiseerde verklaring dat daar aan die vereistes vir die teoretiese gedeelte van die magistergraad voldoen is), of 'n baccalaureusgraad wat 'n minimum studietydperk van vier jaar vereis ... ... ... R1,488 p.j.
(iii) 'n magistergraad ... ... R1,632 p.j.
(iv) 'n doktorsgraad ... ... ... R1,776 p.j.

Inligting oor diensvoorwaardes, ens. kan van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Spoorweë, Kamer 38, Johannesburg, verkry word. Aansoeke om indiensneming moet aan dieselfde adres of aan die Afdelingsbestuurder, Kaapstad, Kimberley, Port Elizabeth, Oos-Londen, Bloemfontein, Durban, Johannesburg, Pretoria of Windhoek gerig word.

# DOEN DIT VANDAG!

## Pukke sak in Liga

# AGTERLYN SAL MOET REGRUK

**DIE EERSTE span van Lichtenburg was Saterdag te sterk vir die gebreekte P.U.-span en het met 14—5 oorwinnaars van die veld gestap.**

Die Puk se groot probleem het in die agterlyn gelê waar beserings teister. Agt gereelde eerstespanagterspelers is op die oomblik op die krukkelys en dan is daar 'n kroniese tekort aan skrumskakels.

Die P.U.-voorspelers het die bal seepglad uit die skrums laat kom, iets wat die keurders se oë beslis op Piet Bingle moes gevestig het, maar die agterlyn kon hierdie voordeel nie benut nie. Tammy Boshoff het telkemale in die hande van Lichtenburg se puik heelagter, Willem Roux, geskop en die hanteerwerk van die senters was nie na wense nie.



Koos Hattingh

### Coetzer

Die proefneming met Andries Coetzer op skrumskakel was nie 'n mislukking nie, maar miskien tog 'n waagstuk aangesien hy sy eerste wedstryd in hierdie posisie in die eerste liga moes speel. Nogtans toon hy baie belofte en kan in 'n waardige plaasvervanger vir Gieter van der Walt ontwikkel.

Die voorspelers sal moet leer om te ondersteun en toe te maak in die lynstane. Ons lynstaanmanne doen goeie werk, maar weens gebrek aan ondersteuning kom die bal telkens aan die verkeerde kant uit. Badenhorst kan hier baie beteken.

Koos Hattingh kom nou mooi reg op flank en Lou Erasmus speel met sy ou vuur. Saam met Koos du Plooy gaan hierdie manne 'n gedugte kombinasie van losvoorspelers vorm.

Puk se enigste punte is aangeteken deur Terry Roscher met 'n drie wat vervyf is deur Charlie Williams.

### DIE PLUIMBALKLUB

Die Pluimbalklub onder bekwame leiding van Ludwig Röder, is vanjaar baie bedrywig. Die klub kan vanjaar spog met die grootste ledetal sedert sy stigting. Dat belangstelling vir hierdie sport steeds groei, is merkbaar aan die aantal beginners wat by die klub aangesluit het.

Die mansspan het vanjaar vir die eerste keer in die liga ingeskryf en vaar besonder goed. Ludwig Röder en Gerda Bester het ook in die Wes-Transvaalkampioenskappe tot die kwarteindronde deurgedring.

Ludwig Röder is dan ook gekies as reserwespeler van die Wes-Transvaalse B-span.

## *Manshokkie klop Kampioenspan*

In reaksie op die berig in Die Wapad dat bg. klub sy sokkies moet optrek, het die spelers besluit om dit te doen. Daar was egter 'n harde neut om te kraak in die ligakampioene, Gold Fields, wat die afgelope vier jaar kampioene in Wes-Transvaal was.

Hierdie span het Saterdag hulle eerste wedstryd in vier jaar verloor toe die Pukke hulle 2—1 verslaan het.

Puik spel is gelewer deur Peet Aucamp, Gert Kruger en afrigter Wim Voordewind. Jakkals Reinecke verbeter met elke wedstryd en hy en Christie Coetzee was verantwoordelik vir die Puk se doele.

Die tweedespan het hulle wedstryd gewen met 3—2. Al die doele is aangeteken deur die kaptein, Daan Meyer.

# Eerste toernooi van Pukke se Gholfklub

### *Moontlik na Intervarsity*

**DIE JONG golfklub van die Universiteit, wat nog maar ongeveer 'n maand-en-'n-half bestaan, hou Dinsdag die eerste groot toernooi in hul bestaan. Dit staan bekend as die Winterkompetisie en sal 'n jaarlikse instelling word.**

Die kompetisie word op 'n voorgeebasis beslis om die Kobie van Wyk-trofee. Ongeveer 25 inskrywings van studente is reeds ontvang vir die toernooi.

### Intervarsity

Ander planne wat die klub vir die nabye toekoms in die mou voer is om 'n intervarsitybotsing teen Pretoria Universiteit op Potchefstroom te reël, terwyl die klub vir die eerste keer in die geskiedenis van Universiteite-golf ook vanjaar aan die inter-universitêre toernooi in Port Alfred sal deelneem.

In 'n onderhoud het die kaptein, mnr. Anton Dreyer, ons meegedeel dat daar baie geesdrif vir die sportsoort bestaan en dat daar verskeie spelers in die klub is wat groot belofte inhou vir die toekoms. Die klub oefen weekliks by die buiteklub.



Johan van der Schyff

## Die jonger manne op die Rugbyveld

Navy, wat baie geteister is deur beserings, moes die afgelope paar weke knaend die knie buig voor hulle teenstanders. Potch. Dorp II het hierdie span 16—0 kafgedraf, terwyl Lichtenburg 'n oorwinning van 28—13 oor die Navy behaal het.

Nietemin moet die naam van hulle kaptein Bulletjie de Beer genoem word as 'n speler wat nie net sy span uitstekend lei nie, maar ook 'n barshou in die los spel. Sy haakvoet bly 'n dreigende gevaar vir Piet Bingle.

Spelers wat verdienstelike spel lewer, is Koos du Plessis en Jan Ackerman. Johan van der Schyff het in 'n wedstryd as heelagter vir Navy getoon dat sy spierbesering feitlik genees is, en 'n mens wil die hoop uitspreek dat hierdie knap senter nou weer sy plek sal kan volstaan in die eerstespan.

### Fires

In 'n wedstryd waarin die bal baie rondgegooi is, het Fires en Lichtenburg IIIA gelykop gespeel met geen punte aangeteken nie. Fires het soos een man saamgespeel en veral die leiding van hulle ou kaptein, Hannes van Zijl, het baie vir hierdie manne beteken.

## Eerstes te goed vir Dorp

Die eerste span het Saterdag daarin geslaag om Potch Dorp, wat altyd 'n moeilike span is om te klop, met 21 punte teenoor 14 te wen.

Die oorwinning is grootliks te danke aan die feit dat Piet Steinberg en sy manne oorheers het in die vaste spel. Dit nieteenstaande die feit dat Dorp veterane soos Johan Claassen, Dick Putter en Koos Bezuidenhout het. In die los was dit Koos du Plooy, Dewet Kruger en Koos Hattingh wat die toon aangegee het.

Hoewel die Puk-agterlyn ontwrig was, het die plaasvervangers hulle baie goed van hulle taak gekwyt en hulle span nie in die steek gelaat nie.

Die wedstryd wat aanvanklik 'n kwaai voorspelerstryd was,



Schalk Hoogenboezem

het na rustyd mooi lewendig geword en beide spanne het hard geslaan. Die rustydtelling was 5—3 in die Puk se guns na 'n drie deur Serfontein, wat vervyf is deur Hoogenboezem, teenoor 'n drie van Koos Bezuidenhout.

In die tweede helft het Wielie Pienaar en Bingle elk 'n drie gedruk, wat deur Hoogenboezem vervyf is, wat ook nog twee strafdoele behaal het. Dorp se ander drieë is aangeteken deur F. Briel en K. van der Merwe, waarvan een deur Claassen vervyf is, terwyl Putter met 'n strafskop geslaag het.


Onderrig in:

Klavier en Teorie van Musiek
Spraakleer en voordragkuns
Groepklasse in Praatkoor-werk
(veral vir aspirant onderwysers(esse))

**Studente wat hierin belang stel, spreek:**

**MEV. M. M. COETZEE**

**Tomstraat 114 Telefoon 1336**

BIERMANSKAP!

LION LAGER

LEEUPLESIER!

VZ004034/2

„LIEWE INGRAM, EK VERLANG..."
„EK GAAN TERUG NA OU INGRAM AS EK KAN..."

*Besoek:*

**INGRAM SE DRANKWINKEL**

*Allerlei*

★ WYNSOORTE, BIER EN STERKDRANK
★ DRUIWESAP, CYDER, LEMOENSAP, TAMATIESAP EN KOEJAWELSAP
in bottels en blikkies

**Kerkstraat 122**

**Posbus 171 — Tel. Nrs.: 12 en 2582**